Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

PUNTE: **70**

TYD: **2½ uur**

* A F R F A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 41 bladsye.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	Roman	(35)
AFDELING B:	Drama	(35)
AFDELING C:	Kortverhale	(35)
AFDELING D:	Gedigte	(35)

3. Beantwoord die vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN		
Beantwoord slegs EEN vraag.		
VRAAGNOMMER	**PUNTE**	**BLADSY NR.**
VRAAG 1: *Kringe in 'n Bos*	35	5
VRAAG 2: *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom*	35	9
VRAAG 3: *Meeulanders*	35	13
VRAAG 4: *Lien se Lankstaanskoene*	35	17
AFDELING B: DRAMA **Beantwoord slegs EEN vraag.**		
VRAAG 5: *Poppie – Die Drama*	35	21
VRAAG 6: *Paljas*	35	25
VRAAG 7: *Fiela se kind – Die Drama*	35	29
AFDELING C: KORTVERHALE **Beantwoord die vrae oor ALBEI kortverhale.**		
VRAAG 8.1: "Kringloop"	17	34
EN		
VRAAG 8.2: "Geluk in ongeluk"	18	36
AFDELING D: GEDIGTE **Beantwoord die vrae oor ALBEI gedigte.**		
VRAAG 9.1: "Die heks van Hexrivier"	18	38
EN		
VRAAG 9.2: "Die hardloper"	17	40

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

AFDELING		VRAAGNOMMERS	GETAL VRAE BEANTWOORD	DUI AAN (√)
A:	Roman	1–4	1	
B:	Drama	5–7	1	
C:	Kortverhale	8	1 (2 kortverhale)	
D:	Gedigte	9	1 (2 gedigte)	
LET WEL: Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.				

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

Saul het omgedraai en water toe geloop. Hy was naar. Dat dít Joram Barnard se einde moes wees! Here, dat dit hóm moes oorkom.
Tussen hom en sy pa was 'n hek wat nooit wou oop nie. Hulle moes met die hek tussen hulle leef omdat die een nie na die ander se kant wou oorklim nie. Ten einde het hy omgedraai en weggestap; diep in sy hart het hy egter geglo dat hy eendag sou teruggaan en vir Joram Barnard gaan wys waarvoor hy omgedraai het. Soms, wanneer sy gedagte geloop het waar hulle wil, het hy hom voor sy pa sien staan, nie 'n verlore seun wat berouvol teruggekom het nie, maar een wat kom sê: Hier is ek, Pa, kyk na my! Kan pa nou sien waarom ek moes wegdraai? Alle houtkappers is nié wild en vuil nie en hulle kinders ook nie. Ek het dit bewys! Ek moés dit bewys, Pa.
Nou sou daardie hek nooit oopkom nie; Joram Barnard het een boom te veel gekap.
Hy het opgestaan en na Maska toe geloop. "Hoe het jy geweet ek is hier?"
"Ek weet nog al die jare lat jy hier is. Die eerste winter het ek al geweet waarlat jou skerm is-ek sien jy het hom groter gemaak. Amper nes 'n huis."
"Van die eerste winter af?" het hy verstom gevra.
"Ja. Jou pa het my gestuur om te kom kyk waar jy is en of dit reg gaan met jou."
Dit was die laaste keer dat Saul gehuil het.
Hy het nie by die begrafnis gehuil nie. Daar het Jozef en Izak en Magdalena en oom Anneries gehuil. Hy het eenkant gestaan en skuldig gevoel omdat hy nie flenterig soos hulle was nie en homself verwens dat hy gekom het.
Hy het eers by Groot Eiland loop agterkom dat Jozef nie vir Maska gestuur het om hom te loop sê nie. Maska het dit op homself geneem om dit te doen omdat hy geglo het dit hoort so.

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Joram was 'n (1.1.1) ... Hy het sy hout aan mnr. MacDonald, die (1.1.2) ... gelewer. Saul het tevergeefs vir Joram probeer oortuig om 'n (1.1.3) ... te word, sodat Joram meer geld kon verdien. Nadat Saul sy bande met sy gesin verbreek het, was (1.1.4) ... die persoon wat nuus aan Saul oor die Barnards oorgedra het. (4)

1.2 Waarom was Saul verbaas om vir Maska by Meulbos te sien? (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.3 “Here, dat dit hóm moes oorkom.” (Reël 2)

1.3.1 Hoe het Joram gesterf? (1)

1.3.2 Waarom kan die manier hoe Joram gesterf het, gesien word as die bos wat wraak neem op die houtkappers? Verduidelik in jou eie woorde. (2)

1.4 Maska en die bosmense was bygelowig oor die dood.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.5) neer.

Toe Maska die tyding van Joram se dood gebring het, was Saul besig om geld te verdien deur ...

A meubels te maak.
B olifante te skiet.
C hout te kap.
D goud te delf. (1)

1.6 Sê waarom die volgende stelling WAAR is. Verwys in jou antwoord na die uittreksel.

Saul het meer geld gemaak as die bosmense. (1)

1.7 Joram was ’n goeie pa vir Saul. Stem jy saam met hierdie stelling. Ja of Nee.

Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

1.8 “Tussen hom en sy pa was ’n hek wat nooit wou oop nie.” (Reël 3)

1.8.1 Verduidelik in jou eie woorde wat met hierdie reël bedoel word. (1)

1.8.2 Wat het hierdie hek veroorsaak? Noem TWEE dinge. (2)

1.8.3 Watter lewensles leer jy uit die roman oor jou verhouding met jou gesinslede? (1)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

"Ek betaal 'n regverdige prys, maar ek koop alleenlik hout waarop die boswagter se merk is. Geen ander hout nie. Daarby soek ek 'n man om my te help om 'n skuur en werkplek op te rig. Jy was altyd beter met huismaak as ek en dis maar dieselfde ding. Ek het ook 'n man nodig om as meubelmaker te laat oplei en het gehoop dat Izak miskien sou belang stel."
"Ek het dan gehoor jy gaat saam met die skip weg?" Die agterdog is nog daar, maar nie die kwaad nie.
"Ek wil graag bly. Maar ek kan dit alleenlik doen as julle saam met my staan en my help om 'n eie besigheid te begin-ek kan dit alleenlik doen as julle saam met my staan en my help om te red wat oor is van die Bos."
"En hulle?" vra Jozef met 'n beweging van sy kop in die rigting van die tente en huise. "Wat van hulle wat kap en mors soos hulle wil?"
"Nie meer vir lank nie. Hulle is aan die oppak ... Eendag, wanneer hulle weg is, sal ek jou kinders wys hoe 'n mens goud uitwas. Daar sal iewers 'n bietjie weggesteek lê in die spruite."
Onder in die kloof het die stampmeul intussen stil geword, 'n bosloerie se hoot-hoot-hoot het in die plek daarvan opgestaan.
"Jozef," sê Saul moeg, "kom ons los ons dinge en ons wys vir die wêreld wat uit die Bos kan kom."
Jozef laat sak sy kop en skop, skop in die stof met sy flenter skoen se punt.
"Dis nie waarom jy teruggekom het nie," sê hy stilweg.
"Nee. Ek het gekom omdat ek geweet het dit kon nie Oupoot gewees het nie ..."

1.9. "En hulle?" vra Jozef met 'n beweging van sy kop in die rigting van die tente en huise." (Reël 11–12)

1.9.1 Na wie verwys die woord "hulle"? (1)

1.9.2 Wat het Saul en die "hulle" in gemeen gehad? (1)

1.9.3 Hoe het Saul van hulle verskil wat die Bos betref? (2)

1.10 Watter soort besigheid wou Saul begin? (1)

1.11 Watter rol sou Jozef in Saul se besigheid speel? (1)

1.12 Saul het 'n plan vir Izak se toekoms gehad.

Dink jy dat Saul se plan vir Izak sou bevoordeel? Ja of Nee.

Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.13 Kies 'n naam uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B
1.13.1	Hierdie persoon het Saul as minderwaardig gesien.	A Steyn
1.13.2	Hierdie persoon het saam met Joram grootgeword.	B MacDonald
1.13.3	Hierdie persoon het Saul se eerste goud gekoop.	C Barkley
1.13.4	Hierdie persoon was 'n meubelmaker in Swellendam	D Maska
		E Arend

(4 x 1) (4)

1.14 Wat lei jy uit die uittreksel af oor Saul se karakter? Gee TWEE feite. (2)

1.15 Skryf die volgende gebeure onder mekaar neer in die korrekte VOLGORDE soos dit in die roman gebeur:

- Saul besluit om terug te keer na die Bos.
- Saul het MacDonald se diens verlaat om te gaan goud delf.
- Saul het gelukkige tye by oom Abraham Steyn beleef.
- Saul besluit om vir Oupoot te skiet. (4)

1.16 Plaas jouself in Saul se skoene. Sou jy ook vrede met Jozef wou maak? Ja of Nee.

Gee 'n rede vir jou keuse deur na hulle kleintyd te verwys. (1)

[35]

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS C

2. Pampoen en Patat hinder 'n heks

Ek wil nie 'n eetstaking hou nie!
"Ons wil nie daar gaan wóón nie!" het Beyers gebulder. Hy doen dit nie baie nie, maar as hy dit die slag doen, bulder hy soos net 'n akteur kan bulder. Koning Lear in 'n loeiende storm. "Ons wil net 'n vakansie hou!"
'n Paar oomblikke was dit onheilspellend stil om die tafel. Ons het almal dikmond aan ons aartappelsop geslurp. "Hoekom?" wou Yann wantrouig weet. "Ons het nog nooit almal saam vakansie gehou nie."
"Dit pla mý nie," het Yann gesê. "Pla dit vir julle?" Hy het na my gekyk. Asof hy 'n bondgenoot soek. Dit was die eerste keer dat hy met iets anders as verveling of minagting na my gekyk het.
"Ag, nee wat," het ek gesê, "ek kan lewe sonder 'n gesinsvakansie." "In 'n huis sonder TV!" het Tibo in afgryse uitgeroep.
"Is dit 'n spookhuis?", wou Amos weet.

***

Onwaarskynlik, dis die woord wat Mana graag gebruik. Sy sê die werklikheid is baiekeer meer onwaarskynlik as enige storie. As ek so na haar kyk, dink ek sy moet reg wees, want sy's meer onwaarskynlik as enige ma wat ek nog in 'n storie teëgekom het.
Dis waarom ek nie sal omgee as juffrou Liebenberg sê Fabienne se lewe klink darem 'n bietjie dik vir 'n daalder nie. Gee my eerder 'n ma met groen vingers as 'n ma met groen hare.

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

Die kinders is (2.1.1) ... om as 'n gesin saam te gaan vakansie hou. Mana het gesê die vakansie gaan soos 'n (2.1.2) ... vir haar en Beyers wees. Tibo dink die huis waarin hulle gaan woon is primitief omdat dit geen (2.1.3) ... het nie. Die kinders wou 'n (2.1.4) ... hou omdat hulle nie van die idee gehou het nie. (4)

2.2 Sê waarom hierdie stelling WAAR is.

Hanna-hulle was 'n aangelapte gesin. Verwys in jou antwoord na Tibo. (1)

2.3 2.3.1 Wat is Yann en Amos se ma se naam? (1)

2.3.2 Waarom is sy nie in hulle lewe nie? (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

2.4 Hanna dink haar ma is “onwaarskynlik”. Noem DRIE redes waarom sy so dink. (3)

2.5 “Gee my eerder ’n ma met groen vingers as ’n ma met groen hare.” (Reël 19–20)

Waarom was Mana se hare gereeld groen? (1)

2.6 “Dis waarom ek nie sal omgee as juffrou Liebenberg sê Fabienne se lewe klink darem ’n bietjie dik vir ’n daalder nie.” (Reël 18–19)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies om die sin mee te voltooi.

“... Fabienne se lewe klink darem ’n bietjie dik vir ’n daalder ...”, impliseer dat Fabienne se lewe (moeilik/maklik) was om te glo. (1)

2.7 Wie is die verteller in hierdie uittreksel? (1)

2.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.8) neer.

Fabienne help Hanna om ...

A van haar ongewone gesinslewe te ontvlug.
B goeie opstelle te skryf.
C van haar pa te vergeet.
D haar broers te vermy. (1)

2.9 Dink jy dat dit ’n goeie idee was dat die gesin saam vakansie gaan hou het. Ja of Nee. Gee TWEE redes vir jou keuse.

Verwys in jou antwoord na die slot van die verhaal. (2)

2.10 Watter positiewe rol het Beyers in Hanna se lewe gespeel? (1)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS D

12. Wat van 'n ongelukkige einde?

Gavin verdien 'n medalje. Hy moes elke truuk in die boek uithaal om hierdie konsert gereël te kry. Dit het hom omtrent 'n uur van vlei en soebat en dreig en skel gekos net om die blonde koningin uit haar kamer te kry. Ek weet, want ek het naby die deur gestaan en hulle skaamteloos afgeluister.
"Gavin, poplap, ek woon nou in Los Angeles", het sy op 'n baie snedige manier gesê. "Ek kan in dieselfde restaurant as Tom Cruise of Bruce Willis gaan eet. Ek het nie hierdie konsertjie *nodig* nie."

***

"Wat is ek nou eintlik, Gavin? Dink bietjie daaraan. 'n Mislukte ma en 'n mislukte aktrise. Sou jy nie ook iemand anders wou wees as jy ek was nie?"
"As ons praat van mislukte ouers ... wel, dan kyk jy waarskynlik na die wêreldkampioen." Gavin het so hard gesug dat ek hom kon hoor. "En as modepop is ek ook maar middelmatig."

***

Daar is nog 'n paar ander nommers ook, onder meer my verspotte pa wat maak of hy sing saam met 'n CD van The Village People, maar dis die blonde koningin wat die koek vat.
Sy maak nie net of sy sing nie, sy sing rêrig. En sy kán sing, soos ek op my verjaarsdag al agtergekom het.

***

Daarna kies ons 'n wenner deur elkeen 'n naam op 'n papiertjie te skryf. Ek stem vir Beyers, hoofsaaklik omdat hy die enigste een is wat mý optrede waardeer het, hoewel ek natuurlik nie verwag dat hy vir my moet stem nie. Nie *rêrig* nie.

2.11 Waarom het Gavin hierdie konsert gereël? (1)

2.12 Waar het hierdie konsert plaasgevind? (1)

2.13 Waarom is dit ironies dat Margot die konsert gewen het? Verwys in jou antwoord na die uittreksel. (2)

2.14 Dink jy dat Gavin rede gehad het om soos 'n mislukte pa te voel? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou keuse. (1)

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

2.15 "Ek het nie hierdie konsertjie *nodig* nie." (Reël 6–7)

Sê in jou eie woorde waarom jy dink dat Margot wel hierdié konsert nodig gehad het. (1)

2.16 Margot het met haar aankoms elkeen met 'n kompliment gegroet.

Pas die persoon in KOLOM B by die kompliment in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.16.1 tot 2.16.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B
2.16.1	Ek het altyd geweet jy gaan aantreklik ouer word.	A Hanna
2.16.2	Nog 'n toekomstige hartebreker.	B Beyers
2.16.3	Ek hoor jy is vréeslik slim.	C Tibo
2.16.4	Vir jou moet ons in Hollywood kry.	D Mana
		E Sharon

(4 x 1) (4)

2.17 Nie almal het op dieselfde manier by die berghuis opgedaag nie.
Skryf nou die korrekte VOLGORDE oor hoe hulle by die berghuis opgedaag het, neer:

- Gavin kruip oor die drumpel vol modder.
- Sharon se pa daag met die helikopter op.
- Margot hou met haar wit Golf voor die huis stil.
- Sharon se pa daag met 'n 4 x 4 op. (4)

2.18 Het die vakansie op die berg die twee broers, Yann en Amos, positief teenoor hulle ma laat voel? Ja of Nee.

Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

2.19 Hanna se houding teenoor Gavin het deur die loop van die verhaal verander.

2.19.1 Hoe het Hanna aan die begin van die verhaal oor Gavin gevoel? (1)

2.19.2 Sê hoe Hanna se houding teenoor Gavin aan die einde van die roman verander het. (1)

2.20 Waarom sal jy anders na stiefouers kan kyk nadat jy die roman gelees het? (1)

[35]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS E

KAAPSTAD. SILKWOOD-KLINIEK. MAANDAG, 14 AUGUSTUS 1978

Ek word Woensdag ontslaan. My sketsboek is vol duiwe. Prof. Van Keulen was weer vanmiddag hier. Hy sê hulle almal by die Instituut wag vir my. Maar ek weet nie of ek kan teruggaan nie. Ek weet nie, ek weet nie. Ron Ronnie Ronnietjie. Mamma mis jou vandag. Daar is baie duiwe in hierdie tuin.
Hulle gaan kruip weg in die verskuilde skadu's van oerou bome.
Wanneer ek opkyk, sien ek dat die son goue skerwe in die blare maak en iewers sit jou gesig in die skerwe. Ek wens, ek wens ek het 'n wildevyeboom met groot groen takke. Ek wens ek kan in sy skemer skadu's gaan wegkruip en ek hoef nooit weer uit te kom nie.
Daar is 'n groot wit muur om die tuin. Agter die muur lê die stad.
Agter die stad lê die berg. Agter die berg lê die see.
Agter die see lê die lyn waar water en lug een word.
Ek het by die plek van die waterskeiding gekom.

KAAPSTAD. ORNITOLOGIESE INSTITUUT VAN SA. DONDERDAG, 17 AUGUSTUS 1978

Ek voel soos 'n besoeker hier in my eie kantoor. Iemand het al my boeke in bokse gepak asof hulle gedink het ek kom nooit weer terug nie. Daar is ander gordyne. Ek het vir Prof. Van Keulen gesê ek wil weggaan. Hoe meer afgesonderd, hoe beter. Ek wil my lewe gaan oormaak.
Hy is besig om met die Departement van Seevisserye te reël om my na 'n guano-eiland toe te stuur vir navorsing. Ek weet dat hy die pos spesiaal vir my skep en ek voel sleg daaroor. Hy sê ek kan 'n boek oor kusvoëls gaan doen, met illustrasies. Hy sê daar is terapie in tyd, en heil in arbeid.

3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer.

Ryna was nie altyd Ryna van Rensburg nie, sy was voorheen bekend as (3.1.1) ... Soos ons aanlees besef ons dat Ronnie deel is van Ryna se (3.1.2) ... en ons besef hy is eintlik haar (3.1.3) ... Wanneer daar 'n brand in haar kombuis op Meeuland uitbreek vertel sy vir (3.1.4) ... van wat in haar Kaapse huis gebeur het. (4)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

3.2 Dink aan die hele uittreksel.

3.2.1 Na watter TWEE ruimtes word daar in die uittreksel verwys? (2)

3.2.2 Watter rol speel professor Van Keulen in Ryna se lewe? (1)

3.3 “Ek wil my lewe gaan oormaak.” (Reël 20)

Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Met Ryna se woorde kan ons aflei dat sy al deur baie (vreugde/trauma) is. (1)

3.4 “Hy sê daar is terapie in tyd, en heil in arbeid.” (Reël 24)

Waarom het Ryna terapie nodig gehad? Noem TWEE redes. (2)

3.5 Ryna gaan navorsing doen vir ’n boek oor landvoëls.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.6 In enige roman is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas.
Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.6.1 tot 3.6.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.6.1	Vincent raak betrokke by dwelmsmokkelary.	A	Sy vertel vir Doreen die waarheid oor haar verlede.
3.6.2	Jacob ontmoet vir prof. Van Keulen.	B	Hy bel vir Skalla.
3.6.3	Ryna konfronteer Henning van Hagen.	C	Hy hoor van al Ryna se geheime.
3.6.4	’n Verslaggewer herken vir Ryna by haar boekbekendstelling.	D	Sy probeer wegkom van haar persoonlike geheime.
		E	Hy skiet homself en sy seun.

(4 x 1) (4)

3.7 Wat maak die lewensomstandighede op Meeuland vir Ryna moeilik en onaangenaam? Noem TWEE feite. (2)

3.8 Waarom kan mens verstaan dat Ryna eers onseker was of sy op Meeuland wil aanbly? Verwys in jou antwoord na die inwoners van Meeuland se gedrag teenoor haar tydens haar aankoms op die eiland. (1)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS F

PINELANDS, KAAPSTAD: THE GREEN SHADOWS. WOENSDAG, 3 APRIL 1985

Ek het vandag baie bosse blomme gaan koop en begraafplaas toe gery.
Toe ek laas daar was, was ek Camilla, maar ek het Ryna geword en tussen die twee wêrelde lê Jacob. Jacob. Ek het teruggekom en vir Mrs Maggott kom sê dat ek môre vertrek. Sy het jammer gelyk. Op 'n manier sal The Green Shadows my altyd herinner aan die Silkwood-kliniek: 'n tyd van skuiling.
Patricia Maggott speel Mozart. Die malgasse is seker reeds weg.

Die geel Mini hou stil voor Mama-Meeu en sy kyk met 'n opwelling van vreugde na haar wit huisie. Sy maak die hekkie oop en hardloop die sementpaadjie op. Daar het sand in die hoeke van die stoep gewaai en daar staan 'n karton voor die deur. Sy sit al haar goed neer en maak die wit briefie bo-op oop. "Aan Mama-Meeu. Van Duiker," lees sy die enkele woorde. Sy dra die karton binnetoe en maak dit op die tafel oop. Dis die ou platespeler, nou mooi skoongemaak en behoorlik aan 'n driepuntprop gekoppel, met een plaat daarby.
Sy dra dit na die naaste kragpunt en sit die plaat op die draaitafel.
Die klanke weergalm deur die huis van Mama-Meeu: "I don't know why I love you, but I do ..."
Ek het jou lief, Jacob Langhans. Ek het jou lief.

"Kom in, Duiker! Kom in, kom in. Duiker?"
"Mama-Meeu?"
"Duiker ... ek het vanoggend teruggekom."
"Ek is bly. Ek ... was toe by advokaat Metcalfe. Hy gaan my saak behartig."
"Ek is bly."

3.9 Skryf die volgende VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos dit in die roman gebeur.

- Jacob word skuldig bevind aan strafbare manslag.
- Sheila pleeg selfmoord.
- Janka kom terug huis toe.
- Elsabet pleeg selfmoord. (4)

3.10 "Ek het vandag baie bosse blomme gaan koop en begrafplaas toe gery." (Reël 2)

Noem die TWEE oorledenes vir wie Ryna die blomme gekoop het. (2)

3.11 Gee TWEE redes waarom Ryna by The Green Shadows gaan bly het. (2)

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

3.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.12) neer.

Jacob het oor die burgerbandradio vir Ryna gevra ...

A om vir hom te wag.
B om met hom te trou.
C om vir Janka te sorg soos haar eie kind.
D om haar permit by Mac te kry en na hom toe te kom. (1)

3.13 Sê hoe Jacob se houding teenoor Ryna aan die begin van die roman verskil van sy houding teenoor Ryna aan die einde van die roman. (2)

3.14 Gee EEN rede waarom sekere gedeeltes in die roman in kursief gedruk is. (1)

3.15 Waarom is Ryna bereid om vir Jacob te wag? Verwys in jou antwoord na die slot van die verhaal. (1)

3.16 Waarom gaan Ryna lank vir Jacob moet wag? (1)

3.17 Jacob was voorheen met Elsabet getroud.

3.17.1 Waarom kan ons sê dat Jacob nie 'n goeie man vir haar was nie? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

3.17.2 Wat gebeur later in die roman wat Jacob laat spyt/sleg voel? (1)

[35]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt*

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS G

Wouter oefen Dinsdae krieket en sy loop alleen huis toe. Creations is Dinsdae toe. Miemie Spies staan by die hek. Dit lyk asof sy vir iemand wag. Sy keer Lien voor.
"Ek is vandag agttien en ek en jy gaan by die Wimpy eet," sê sy vasbeslote, asof sy lankal besluit het.
Lien weet nie wat om te sê nie.
"Jy hoef nie lank te bly nie," voeg Miemie by.
Waarom op aarde sal Miemie haar vir ete nooi? Hulle was nog nooit pelle nie.
Lien dink vinnig. Braam oefen ook krieket. Sy werk nie vanmiddag nie en die Afrikaanse opstel is nie dodelik dringend nie. Die arme Miemie verjaar en sy self is so honger soos 'n brommer. Sy sal 'n liggaamsdeel opoffer vir 'n bord slaptjips.
"Dit sal *nice* wees, Miemie. En *congrats*. Hoekom het jy niks vir ons by die skool gesê nie?" Sy klink vir haarself 'n bietjie pienkerig.
Miemie ignoreer die vraag. "Kom ons waai." Sy begin haastig in die rigting van die sentrum stap. Lien moet uithaal om by te bly.
Lien besef dat sy eintlik niks van die *weird* meisie weet nie, net dat hulle in een van die rye luukse huise bo teen die berg bly en dat iemand haar elke oggend met 'n swart Mercedes by die skool aflaai.
Sy dink nie Miemie het broers of susters in die skool nie.

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Lien-hulle het 'n tekort aan (4.1.1) ... en dit forseer haar om verskillende tipe werk te doen. Sy het eers by (4.1.2) ..., die koffiewinkel gewerk, maar verlaat die werk omdat sy (4.1.3) ... voel oor hoe die werkers behandel word. Daarna het sy by Millennium Creations, 'n (4.1.4) ... gaan werk. (4)

4.2 "Hulle was nog nooit pelle nie." (Reël 8)

Lien het slegs een maat by die skool gehad. Wat is hierdie persoon se naam? (1)

4.3 Noem EEN rede, volgens Miemie, waarom sy vir Lien na Wimpy toe genooi het. (1)

4.4 "Die arme Miemie verjaar en sy self is so honger soos 'n brommer." (Reël 10–11)

4.4.1 Benoem die beeldspraak in die bostaande sin. (1)

4.4.2 Waarom is Lien so honger? Verwys na haar ma, Christien, in jou antwoord. (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

4.5 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin te voltooi

"... arme Miemie ..." (Reël 10)

4.5.1 Die twee woorde impliseer dat Lien vir Miemie (bejammer/ respekteer). (1)

4.5.2 Waarom kon Lien later in die verhaal met Miemie identifiseer? Noem TWEE redes. (2)

4.6 Lien-hulle het ook voorheen in 'n luukse huis gewoon.

Waarom woon hulle nou in 'n woonstelgebou? Noem EEN rede. (1)

4.7 Lien het eers haar klasmaats met wie sy aan die LO-projek moes werk, as "*die groepie made in hell",* beskou.

4.7.1 Watter lewensles het jy oor haar siening geleer? (1)

4.7.2 Noem EEN karakter van die groepie van wie Lien se siening later verander het. Sê waarom haar siening omtrent hierdie persoon verander het. (1)

4.8 Kies die verduideliking uit KOLOM B wat by die persoon in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.8.1 tot 4.8.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.8.1	Oom Frank	A	Hierdie persoon beskerm Lien se bedelplek.
4.8.2	Tibbey	B	Hierdie persoon word vir Lien 'n vertroueling.
4.8.3	Dirkie	C	Hierdie persoon leer Lien om onselfsugtig op te tree.
4.8.4	Rose	D	Hierdie persoon leer Lien dat jy nie veel op familie kan staatmaak nie.
		E	Hierdie persoon leer vir Lien dat jy nie van die wet kan vryspring nie.

(4 x 1) (4)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS I

Dis onverwags lekker om terug te wees by Creations. Dit voel so half of sy huis toe gekom het nadat sy lank weg was.
Donovan *faff* om haar asof sy die langverlore dogter is en sy kan sien Dirkie is regtig bly sy is terug. Hulle behandel haar nou meer soos een van hulle, soos 'n kollega, asof sy deel van die span is en nie net die *tea girl* of die straatveër nie.
Dis hemels om met 'n beker koffie op die sagte swart leerstoele neer te sak en deur 'n tydskrif te blaai as daar nie kliënte is nie. En dis so heerlik koel. En die plek ruik so lekker. Hoekom het die sjampoe- en *conditioner*-reuke haar laas so geïrriteer? Dis soveel *nicer* as die uitlaatgasse en die stink teer wat naderhand vibreer van die hitte. Sy begin ook nou meer op haar gemak met die kliënte raak.
Waar sy voorheen so min moontlik gesê het, neem sy nou deel aan die gesprekke. En die meisies in haar klas weet gou sy werk hier en sy doen moeite om vir hulle *nice* afsprake te kry en sy druk hulle in, al is hulle vol vir die dag.
Dirkie en Donovan baklei nog gereeld, maar sy leer om haar nie daaraan te steur nie. Dit waai gewoonlik gou oor. En sy voel nie oor 'n ding skuldig nie. Oor niks nie.
Teen toemaaktyd ná haar eerste week sê sy vir Dirkie sy wil die volgende dag kom vir haar *free* sit. Sy is reg vir die ding met die kuif.

4.9 In wie se plek het Lien oorspronklik by die haarsalon gewerk? (1)

4.10 Noem TWEE redes waarom Lien spesifiek skuldig gevoel het toe sy gebedel het. (2)

4.11 "... asof sy deel van die span is en nie net die tea girl of die straatveër nie." (Reël 5)

Wat sê dit van hoe Lien voorheen by die salon gevoel het? (1)

4.12 Dit was moeilik vir Lien om op te hou met bedel.

4.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Toe Lien deur dominee Gerhard uitgevang is, het Lien (baie verlig/ baie kwaad) gevoel. (1)

4.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.12.1 deur hierdie gevoel van Lien te verduidelik. (1)

4.13 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

In hierdie roman kry ons 'n voorbeeld van mense wat ontvlug/ontsnap van hul omstandighede. (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

4.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.14) neer.

Uit Lien se reaksie waar sy dit as lekker beskryf om terug by die haarsalon te wees, kan ons aflei dat die bedelwerk ...

A ontsettend kompeterend was.
B haar baie ontevrede laat voel het.
C baie onaangenaam en uitdagend was.
D te veel aandag op haar geplaas het. (1)

4.15 Dink aan Lien en Tannie Bets se verhouding.

4.15.1 Hoe sal jy die verhouding tussen Lien en Tannie Bets beskryf? (1)

4.15.2 Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

4.16 Waarom kan ons glo dat Lien 'n sukses van haar werk by die haarsalon sou maak? (1)

4.17 Sê hoe Donovan se houding teenoor Lien verskil het tydens die eerste keer en tydens die tweede keer wat sy vir hom gewerk het. (2)

4.18 Is dit meneer Jooste se skuld dat Lien moes begin bedel? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

4.19 Sê nou daar was EEN ding waaroor Braam kon skuldig voel.

4.19.1 Waaroor sou Braam skuldig kon voel? (1)

4.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.19.1. (1)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS I

PLANK. Hulle sê hy't klaar 'n ogie op jou ...

POPPIE. Ek is nie lus nie. Ek is nie gewoond aan mense wat van die land af kom nie. *(Aan gehoor.)* Maar toe begin hy briefies aan my skrywe, so skelm-skelm. Ek was toe sestien.

Mimiek: Stone skryf terwyl Poppie aan die oorkant van die verhoog op 'n trommel sit en lees. Die familie reageer onder mekaar ... Hier's 'n vryery aan die gang!

STONE. Dear Poppie ... Nee, dear darling, dit gaan goed met my, ek hoop dit gaan goed met jou. Hoekom het jy nie gister uitgekom nie? Ek het gewag tot sesuur by die pad, van halfdrie af. Ek het nou so gewag en ek is nou kwaad. Sal jy nou anderweek en Sondag kom? Stone.

POPPIE. Dear bhuti Stone, dit gaan goed met my, ek hoop dit gaan goed met jou. *(Sien vir Mosie.)* Tsamaya ... Ek kan nie gekom het deur die wind en ons het mense gekry van die kerk af, en toe werk ons nou tot laat toe. Daar was nie kans om te kom nie, ngothando, met liefde, from Poppie.

MOSIE. Eers was ons nie tevrede dat ons suster met die Kaffer-landse man gaan trou nie, ons het gehoor van die swarigheid van die land, maar toe hulle sin in mekaar kry, het ons nie in hulle pad gestaan nie.

POPPIE. Stone Nongena. Sy grootvan was Mqwati, en hy het regte Xhosa gepraat. Hy kon nie Afrikaans praat nie, want hy het mos grootgeword in die Ciskei.

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer.

Ma Lena het gevoel dat Poppie gereed is om te trou toe sy maar net (5.1.1) ... jaar oud was. Poppie wou nie trou nie omdat die mans wat in haar belanggestel het te (5.1.2) ... was. Sy het vir Stone ontmoet toe sy in die fabriek as 'n (5.1.3) ... gewerk het. Sy het eers nie van Stone gehou nie omdat hy van (5.1.4) ... in die Ciskei was. (4)

5.2 By wie het Stone gewoon toe hy in Lambertsbaai gewerk het? (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

5.3 Poppie en Stone het aan mekaar liefdesbriewe geskryf.

5.3.1 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Poppie was (soms spyt/ nooit spyt) omdat sy met Stone getrou het nie. (1)

5.3.2 Sê in jou eie woorde waarom jy dink dat Poppie vir Mosie in reël 13 wegjaag? (1)

5.4 Stone was 'n Xhosa.

5.4.1 Stone het vir Poppie lobola betaal. Sê in jou eie woorde waarom hy dit moes doen. (1)

5.4.2 Noem TWEE dinge wat Poppie se ma voor haar troue met Stone se geld gekoop het. (2)

5.4.3 Wie het vir Poppie 'n kitchen-dresser en 'n ketel as trougeskenk gekoop? (1)

5.5 Poppie het vir Stone voor hulle troue bewonder.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

5.6 "MOSIE. Eers was ons nie tevrede dat ons suster met die Kafferlandse man gaan trou nie, ons het gehoor van die swarigheid van die land ..."
(Reël 16–17).

5.6.1 Verduidelik in jou eie woorde waarna die "swarigheid" verwys. Noem TWEE dinge. (2)

5.6.2 Hoe sou Stone se familie later vir Poppie help toe sy besluit het om terug Kaap toe te gaan? (1)

5.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.7) neer.

Stone sterf op 'n vroeë ouderdom omdat hy ...

A beserings opgedoen het in die visfabriek.
B maagkwale gehad het.
C deur die polisie doodgeskiet is tydens die onluste.
D hy 'n hartaanval gehad het. (1)

5.8 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies om die sin te voltooi.

Poppie het na Stone se dood ontdek dat hy (al sy spaargeld verloor het/al sy geld vir sy gesin gegee het). (1)

5.9 Lees die hele uittreksel. Sê wat die stemtoon in die uittreksel is. (1)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS J

Stone kom aan met bliktrommel. Bonsile en Poppie ontmoet hom by stasie. Bonsile dra die trommel verder.

POPPIE: Molo. (*Sy gee vir hom hand*.)

STONE: Molo.

POPPIE: (*terwyl hulle begin loop*). Bly jy goed waar jy nou is?

STONE: Hulle is goed vir my.

POPPIE: En hoe gaan dit met Mama en bhuti Plank en bhuti Hoedjie?

STONE: Hulle het eers rondgebly, maar toe het hulle maar weer ingetrek by ou Makhulu, in ons huis. Sy kyk goed na hulle.

POPPIE: En bhuti Mosie?

STONE. Hy het twee jaar gewag en toe sy eie huis gekry.

POPPIE: (*met bitterheid*). Dit gaan goed met almal. Almal het huise. En ons dan? Ek wat hier ver by die vreemde mense moet bly? Almal kom klaar sonder my.

HOEDJIE: Maar tata-ka-Bonsile was tevrede met die huis en die mielies wat Poppie geplant het. Die kinders het goed gedoen in skool, dis net Bonsile wat nog steeds sy eie pad geloop het, vir wie Poppie snags wakker gelê het, lê en wag het dat hy moet inkom.

PLANK: Ná twee weke is Stone weer huis toe.

JAKKIE: Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop.

5.10 Waarom was dit slim van Poppie om Mdantsane toe te trek toe sy nie meer haar pas kon verleng nie? Noem TWEE redes. (2)

5.11 Kies die korrekte antwoord tussen hakies om die sin te voltooi.

Poppie was forseer om vir (een jaar/twee jaar) sonder Stone in Mdantsane te woon. (1)

5.12 Lees reël 16 tot 20.

5.12.1 Dink jy dat Stone se afwesigheid in Bonsile se lewe hom negatief affekteer het? Ja of Nee.

Motiveer jou antwoord deur te verwys na die “moeilikheid wat aan Poppie se deur kom aanklop het”. (Reël 20) (1)

5.12.2 Wat het Stone en Poppie gedoen om te probeer opmaak vir hierdie moeilikheid? (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

5.13 Haal EEN woord uit die uittreksel aan oor hoe Poppie gevoel het om haar blyplek in die Kaap te verlaat. (1)

5.14 Poppie het eers in die Kaap gebly en toe is sy Mdantsane toe.

Waar, dink jy, het Poppie die swaarste gekry? Motiveer jou antwoord. (1)

5.15 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

Dit sou goed vir Stone gewees het as hy saam Mdantsane toe getrek het. (1)

5.16 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die persoon in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.16.1 tot 5.16.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.16.1	Stone	A	Hierdie persoon word gedurig verneder omdat hy slegte gewoontes het.
5.16.2	Plank	B	Hierdie persoon moes as trekarbeider werk.
5.16.3	Constance	C	Hierdie persoon moes haar kinders by haar ma los omdat haar man weggeloop het.
5.16.4	Poppie	D	Hierdie persoon het onder 'n tafeldoek weggekruip omdat sy nie 'n pas gehad het nie.
		E	Hierdie persoon moes wegkruip omdat sy nie 'n extension gehad het nie.

(4 x 1) (4)

5.17 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Poppie het die Xhosa-tradisies leer ken.
- Stone het tata-ka-Bonsile geword.
- Poppie het Stone leer ken.
- Stone het 'n tweeslaapkamerhuis in Jakkalsvlei gebou. (4)

5.18 Watter les het jy uit hierdie drama oor ouerliefde geleer? (1)

[35]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS K

23. Dis aand. Katrien sit in haar nagrok dwars in die venster en uitkyk buite toe.
Die maan skyn helder. Die wind roer die gordyne effens.
Daar val 'n bietjie lig tot by Hendrik se bed. Hy lê op sy rug vir die dak en kyk.
Op die tafeltjie langs hom brand 'n kers.

HENDRIK: (ná 'n rukkie): Wat sit jy so Katrina?
KATRIEN: Kan nie slaap nie.
HENDRIK: (ná 'n langerige stilte): Ek het vandag gewonder.
Wanneer laas het jy klavier gespeel?
KATRIEN: Ek kan nie onthou nie.

'n Paar tellings later begin hy neurie aan die liedjie wat Nollie gespeel het en wat hy altyd vir haar oor die radio laat speel het.

HENDRIK: Onthou jy dit?
KATRIEN: Ek onthou dit.
HENDRIK: Jy moet dit weer eendag vir my speel.
KATRIEN: Ek kon dit mooi speel.
HENDRIK: Lank gelede. (Hy kyk vir haar.) Dis baie lank gelede.

Katrien gee uit die venster pad en klim langs die kind in die bed.

KATRIEN: Nag, Hendrik.
HENDRIK: Jy wil nie bietjie by my kom lê nie?
KATRIEN: Boetie sal wakker word.

'n Hele rukkie doodse stilte.
Hendrik kyk vir Katrien wat met haar rug na hom toe lê; hy kyk vir die kers. Dan lek hy sy duim en wysvinger nat en druk die kersvlam dood.

HENDRIK: Nag, Katrina.

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

Die treinstasie waar die verhaal van die McDonalds plaasvind, is (6.1.1) ... (naam) Hendrik werk hier as die (6.1.2) ... Katrien is altyd besig om na die (6.1.3) ... te staar wat verby ry. Sy voel (6.1.4) ... op die klein treinstasie. (4)

6.2 Dit is duidelik dat Katrien ongelukkig met haar omstandighede en huwelik is. Noem DRIE dinge wat ons in hierdie uittreksel raaksien wat dit bewys. (3)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

6.3 Die nar, Manuel, word ’n verlossings-figuur in die McDonalds se lewens.
Sê waarom die stelling WAAR is. (1)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord uit die tussen hakies.

Die hooftema in Paljas is (eensaamheid/vrolikheid). (1)

6.5 Die volgende karakters het probleme by die McDonalds veroorsaak. Kies die gebeurtenis in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (6.5.1 tot 6.5.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.5.1	Die diakens en ouderlinge	A	Toon geen respek teenoor Emma nie.
6.5.2	Sakkie	B	Gooi die McDonalds met tamaties en eiers.
6.5.3	Die mense van die volstruisdans	C	Stoei met Hendrik oor ’n geweer.
6.5.4	Frans	D	Baklei met die mense op die dorp oor skinderstories oor die McDonalds.
		E	Jag vir Manuel met gewere.

(4 x 1) (4)

6.6 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi.
Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.6) neer.

Frans sê vir Katrien die enigste nooi wat hy wil hê ...

A is klaar in ’n verhouding met Nollie Kemp.
B is lankal oorlede.
C het weggetrek na ’n ander dorp toe.
D is klaar getroud met Hendrik McDonald. (1)

6.7 Wat is die gevolg van Hendrik wat heeltyd op sy gesin raas? (1)

6.8 Emma sê vir Katrien dat sy niks van Frans Lombard hou nie.

Wat was die rede dat Emma nie van Frans gehou het nie? (1)

6.9 Dink jy dis reg dat Emma haar ma so oor Frans aangespreek het?
Motiveer. (1)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS L

Willem het binnegekom en hy staan langs sy ma.

KATRIEN: Sê hy al iets?
WILLEM: Hy slaap.
HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald. En ek mág ek wees. En jy mag Emma wees. En Ma en Willem en almal. Nollie Kemp is Nollie Kemp en klaar. Ons is ons met al ons skete en al. (*Hy kyk skielik vir Willem*.) Of wat sê jy, Willem?
WILLEM: Manuel het niemand iets gedoen nie.
HENDRIK: Presies!

129. Manuel lê vir die dak en kyk. Willem staan langs die bed. Hy is besig om Manuel uit te lok soos Manuel hom aanvanklik uitgelok het. Hy maak soos 'n hoenderhen. As Manuel nie reageer nie, begin hy in die vertrek rondloop presies soos 'n hen. As Manuel steeds nie reageer nie, gaan staan Willem weer langs sy bed.

WILLEM: Manuel, kan jy my hoor? (*Na 'n rukkie knik Manuel*.)
Hoekom lag jy nie? (*Manuel draai sy kop na hom toe en glimlag vir hom*.)
Hoekom praat jy nie? *(Manuel skud sy kop*.) Moenie bang wees nie. Ek is hier.
MANUEL: Vra vir Emma sy moet vir ons speel.
WILLEM: Klavier? (*Manuel knik*.) Sal dit help? (*Manuel knik net sy kop*.)

130. Manuel sit in 'n stoel. Hy het gewone klere aan. Sy arm is in 'n slingerverband. Willem het ander klere aan: dit is dus beslis 'n ander dag. Emma speel een van Hendrik se geliefkoosde liedjies. Katrien neurie ook 'n bietjie saam. En Willem en Manuel geniet dit baie.

6.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Willem speel Manuel se konsertina terwyl hy bo-op die windpomp sit.
- Manuel kleur Willem se gesig in met 'n grimeerpotlood.
- Willem hardloop langs die trein en waai vir Manuel.
- Manuel leen Willem se fiets om op die Sondag kerk toe te gaan. (4)

6.11 Lees reël 4 tot 7.

6.11.1 In watter ruimte speel hierdie uittreksel af? (1)

6.11.2 Wat dink jy bedoel Hendrik wanneer hy sê: "Ons is ons met al ons skete en al." (Reël 6) (1)

6.11.3 Wat was die probleem wat die dominee met Hendrik en Katrien gehad het? Noem DRIE dinge. (3)

6.11.4 Waarvan beskuldig Hendrik die dominee? Noem TWEE dinge. (2)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

6.12 “Hy is besig om Manuel uit te lok soos Manuel hom aanvanklik uitgelok het.” (Reël 11)

Verduidelik die figuurlike betekenis van hierdie woorde. (1)

6.13 “As Manuel steeds nie reageer nie, gaan staan Willem weer langs sy bed.” (Reël 13–14)

Verduidelik waarom Manuel nie reageer nie. Gee EEN feit. (1)

6.14 Hoe het die McDonalds se lewens positief verander as gevolg van Manuel se aankoms? Noem TWEE feite. (2)

6.15 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.15) neer.

“Emma speel een van Hendrik se geliefkoosde liedjies. Katrien neurie ook ’n bietjie saam. En Willem en Manuel geniet dit baie.” (Reël 22–23)

Met hierdie beskrywing kan ons sien dat hulle almal ...

A duiwelsaanbidders is.
B armsalige mense is.
C leer om weer vrolik te wees.
D hul eensaamheid verwerk. (1)

6.16 In hierdie drama word die “Paljas” hoofsaaklik met Manuel en Willem geassosieer.

6.16.1 Watter belangrike lewensles het Manuel vir Willem geleer? (1)

6.16.2 Hoe weet ons dat Willem hierdie lewensles ter harte geneem het? (1)
[35]

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

ELIAS: Jy vra nog? Hulle het my op 'n haar na fyn getrap gehad. (*Verbitterd*.) Maar ek sal hulle kry, sê ek julle. Elias van Rooyen sal hulle kry! (*Op band*.) Ek het hulle dae lank ingewag. Het die boom so gekap dat as hulle daarteen aandruk, dan val hulle by die afgrond af en dan het ek daardie dik, geelwit tande. Drie mooies het aangestap gekom, maar iets het hulle gekeer. Die volgende dag loop ek in hulle vas en met godsgenade het ek weggekom.

WILLEM: Moes Pa neergooi?

ELIAS: Die laaste ding. Die handbyl, die kortsaag, die osrieme, alles. Jy moet môre loop kyk of jy nie iets kry nie. Boggers.

BARTA: Wat van die kombers, Elias?

ELIAS: As die grootvoete jou skraap, kies jy nie wat jy wil los en wat jy wil hou nie, vrou!

BARTA: Dis net dat ons so kort van komberse is, Elias.

***

BOSWAGTER: Van Rooyen?

ELIAS: Meneer, as meneer kom moeilikheid wegbring het, het meneer na die verkeerde man toe gekom. Ek is 'n vernielde man, ek was op niks na nie onder die grootvoete vertrap. Kyk hoe lyk ek.

BOSWAGTER: Ek kom nie moeilikheid wegbring nie, ek bring net vir jou 'n boodskap van die magistraat op Knysna af.

7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord **uit die drama neer te skryf**. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1–7.1.4) neer.

Elias voer 'n sukkelbestaan as 'n (7.1.1) ... Sy boshuis se dak lek daarom wil hy tweedehandse (7.1.2) ... koop. Sy kinders is gereeld (7.1.3) ... as gevolg van die nattigheid in die huis. Hy besef ook dat sy vrou Barta nuwe (7.1.4) ... moet kry. (4)

7.2 Elias glo aan 'n goeie plan en 'n bietjie geluk. Lees reël 1 tot 15.

7.2.1 Dink jy dat Elias se goeie plan gewerk het? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

7.2.2 Elias kon nie die olifante skiet en hulle ivoor aan die houtkopers verkoop nie. Noem TWEE redes waarom hy dit nie kon doen nie. (2)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

7.3 "BARTA: Dis net dat ons so kort van komberse is, Elias." (Reël 15)

Hoe sou Nina later in die drama moontlik 'n kombers kon koop? (1)

7.4 Nina het ook klere benodig.

Wie se hemp het sy later in die drama gedra? (1)

7.5 Plaas jouself in Nina se skoene.

Sou jy saam met haar stem dat sy liefdeloos onder haar pa se sorg grootgeraak het? Ja of Nee. Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

7.6 Nina het as 'n volwassene 'n besluit geneem om die Bos en haar pa te verlaat.

Watter bewyse is daar in die drama dat sy haar besluite deurgevoer het? Noem TWEE bewyse. (2)

7.7 Lees weer reël 1 tot 15

Verbeel jouself dat Elias jou pa is. Sou jy rede gehad het om jammer vir hom te voel? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

7.8. Elias moes sy gereedskap neergooi toe hy deur die olifante gejaag word.

Verduidelik in jou eie woorde watter gevolge dit op sy finansies sou hê? (1)

7.9 Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin te voltooi.

Elias en sy gesin het meestal van (aartappels/patat) geleef. (1)

7.10 Hoe sou die boodskap van die magistraat Elias-hulle finansieel help? (1)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

LUKAS: Sê my waarheen is almal op pad?

STEM VAN AGTER VERHOOG: Daar lê 'n spookskip by Noetzie, oom.

Verskeie stemme herhaal dit.

LUKAS: 'n Spookskip by Noetzie? Waar is Noetzie? (*Mense hardloop net verby*.) Waar is Noetzie?

***

ARMSTRONG: Hy's die loods onder by die koppe waar die skepe deurkom.Ek het vir hom gesê ek sal waak tot môre toe, dis my werk, maar dan moet die doeane-mense kom oorvat.

LUKAS: Ek sal graag vannag hier wou bly. Miskien kan ek help waak?

ARMSTRONG: (*lag senuagtig*): Oppas! Ek neem dalk jou aanbod aan. Wat kyk jy so aanhoudend in die lug op?

LUKAS: Ek het lank laas soveel sterre gesien.

ARMSTRONG: Kom jy dan uit die Bos?

LUKAS: Ja.

ARMSTRONG: Snaaks. Julle is mos nie mense wat met vreemdes gesels nie.

LUKAS: (*op band terwyl die ligte uitdoof*): As jy 'n ster sien skiet, moet jy vinnig wens, dan kom jou wens uit, het Nina altyd gesweer. Nie dat daar bo Barnard-se-eiland veel sterre verskiet het nie.
Ligte doof uit. As ligte opkom, is ons voor MISS WEATHERBURY *se huis op die dorp.* LUKAS *klop aan deur*. *Deur oop*.

WEATHERBURY: Was there something you wanted?

7.11 Lees reël 1 tot 6.

Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin mee te voltooi.

Die doel van die herhaling "Waar is Noetzie?" is om Benjamin se (nuuskierigheid/onsekerheid) oor die spookskip te beklemtoon. (1)

7.12 7.12.1 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n spookskip is. (1)

7.12.2 Waarom moes Armstrong wag hou oor die spookskip? (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

7.13 Lukas is gefassineerd deur die spookskip. Hoe sluit dit aan by sy kleintyd by Fiela-hulle? (1)

7.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.14) neer.

Die figuurlike betekenis van die sterre wat Lukas nooit in die Bos gesien verskiet het nie, kan sinspeel op die ...

A min opgewondenheid in die Bos.
B mis in die Bos.
C min sonskyn in die Bos.
D min liefde in die Bos. (1)

7.15 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lukas vind uit dat Tollie dronk lê op Avontuur.
- Lukas hoor van Dawid se dood.
- Lukas neem vir Barta-hulle skaapvleis.
- Lukas neem vir Fiela-hulle vis. (4)

7.16 Dink jy dat Lukas genoeg rede gehad het om die Bos permanent te verlaat? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord (1)

7.17 7.17.1 Wie was Miss Weatherbury? (1)

7.17.2 Waarom sou Nina veilig voel by haar? (1)

7.18 Lukas gaan twee keer in die drama na Miss Weatherbury se huis.

7.18.1 Waarom het hy die eerste keer na Miss Weatherbury se huis toe gegaan? (1)

7.18.2 Waarom het hy in die slot van die drama na Miss Weatherbury se huis toe gegaan? (1)

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

7.19 Die volgende karakters het Benjamin se lewe beïnvloed. Kies die karakter in KOLOM B wat by die gebeurtenis in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (7.19.1–7.19.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.19.1	Hierdie persoon neem die finale besluit dat Benjamin die verlore kind is.	A	Fiela
7.19.2	Hierdie persoon speel die grootste rol in Benjamin se soeke na sy ware identiteit .	B	Dikke
7.19.3	Hierdie persoon onthou dat 'n drie-jarige seun in die Bos verlore geraak het.	C	Nina
7.19.4	Hierdie persoon gee aan Benjamin vyf sjieling as bewys dat hulle nie arm is nie.	D	Die magistraat
		E	Lange

(4 x 1) (4)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **"KRINGLOOP" – Ruto Vambo**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS O

En die spil waarom alles draai: Gideon de la Mer, meer eksentriek as ooit in 'n kaftan wat om hom uitklok, luister aandag na die vrae op gespreksprogramme, maar gee kriptiese antwoorde wat deur niemand begryp word nie. Hoe slim kweel almal. Wetenskaplikes is oorstelp deur die aandag wat hy op hul beroep vestig.
***
Mars het die Donker Eeue ingegaan. Maar geleidelik groei 'n nuwe kultuur. Grondverskuiwings en lawa veroorsaak al groter probleme. Die wetenskaplikes beplan eindeloos ... tot die BOM. Diep onder die Marskors laat die seismiese golwe die watertenks rittel en bewe en ontplof. Kokende stoom en lawa verswelg hele gemeenskappe. 'n Ekspedisie word na die oppervlak gestuur om vas te stel wat die nuwe bedreiging vir oorlewing is. Die lede van die afvaardiging doen bestralingsiekte op en beswyk een na die ander, maar nie voordat hulle bewys dat daar 'n aanval van die oerplaneet Aarde op hul geliefde vaderland was nie. 'n Aanval uit so 'n sonderlinge oord. Marsbewoners diep legendes op oor 'n sending na Aarde wat nooit teruggekeer het nie.

8.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die kortverhaal** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (8.1.1 (a) tot 8.1.1 (d)) neer.

Gideon de la Mer se tyd het aangebreek omdat hy die mense wat smag na (a) ... aangegryp het. Hy wou (b) ... in die ruimte uitvoer om sodoende die (c) ... te beskerm. Gideon se krag het in sy (d) ... gelê. (4)

8.1.2 "Lettere-en wysbegeertefakulteite moet sluit weens gebrek aan belangstelling."

Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin te voltooi.

Studente wou nou almal (argitektuur/kernfisika) studeer daarom moes sekere fakulteite sluit. (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

8.1.3 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Na die laaste kernoorlog is nét sekere lande toegelaat om kerntoetse uit te voer. (1)

8.1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.4) neer.

Volgens Gideon was Mars die ideale planeet om te kies om sy toetse uit te voer omdat dit ...

A geen besoedeling sou veroorsaak nie.
B geen inwoners gehad het nie.
C lae swaartekrag het.
D ver van die aarde was. (1)

8.1.5 (a) Wat impliseer die naam “Gideon” van die hoofkarakter? (1)

(b) Sê in jou eie woorde waarom die naam van die hoofkarakter gepas is deur na die slot van die verhaal te wys. (1)

8.1.6 “Mars het die Donker Eeue ingegaan.” (Reël 6)

(a) Verduidelik in jou eie woorde wat met hierdie stelling geïmpliseer word. (1)

(b) Noem TWEE maniere hoe die inwoners van Mars moes oorleef tydens die “Donker Eeue”. (2)

(c) Dink jy dit was reg van die mense om tydens die “Donker Eeue” met mekaar te baklei? Ja of Nee. Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

8.1.7 Wat was die mense van Mars forseer om te eet? Noem TWEE dinge. (2)

8.1.8 “Toe sak die stortreën uit”.

Verduidelik die ironie omtrent dié stortreën. (2)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

8.2 "Geluk in ongeluk " – Theltom Masimila

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS P

Sy het opgestaan en die stoel bekyk. Toe draai sy na hom en met oë wat blink en met 'n glimlag so mooi soos die vioolmusiek wat van iewers rondom hulle speel, laat sak sy haar kop op sy skouer. Hy het sy arms om haar gevou. En haar styf, maar saggies teen hom gedruk. "Daardie stoel maak my gelukkig, want dit gaan my altyd herinner aan vandag. En ek wil hê dit moet jou herinner aan my. As jy dit sien, moet jy my sien lag," het Karla in sy oor gefluister met haar neus teen sy gladgeskeerde wang.

Maar Gavin het lanklaas geskeer en Karla het lanklaas in sy oor gefluister. Tog praat hy nog met haar.

***

"Haar hare is lank, krullerig en rooi. Dit weerkaats die son selfs in sy ondergang. Haar oë is net so vriendelik soos joune. Sy hou daarvan om vir my te glimlag. En my te sien lag. Dis hoekom ek by haar is. Sy is soos jy. En ek het gedink jy sal nie omgee as ek op 'n ander "jy" verlief raak nie."

"Maar ek sien hoe kyk jou susters vir my. Vir ons. Ek sien hoe praat hulle. Ek glo nie hulle is kwaad omdat ek weer op iemand verlief geraak het nie.

8.2.1 Gavin en Karla was gelukkig getroud. Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

8.2.2 "Maar Gavin het lanklaas geskeer ..." (Reël 10)

(a) Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin te voltooi.

Die pyn wat Gavin ervaar het, was (emosioneel/fisies) daarom het Gavin lanklaas geskeer. (1)

(b) Waarom het Karla lanklaas in sy oor gefluister? (1)

8.2.3 (a) Plaas jouself in Karla se susters se skoene. Dink jy dat hulle reg opgetree om 'n kyk van teenkanting teenoor Gavin en die ander vrou te hê? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord deur EEN feit te noem. (1)

(b) Waarom is dit ironies dat Karla se susters nie kwaad is dat Gavin op die ander vrou verlief geraak het nie? (2)

8.2.4 Waarom was hierdie gesprek wat hy met Karla voer vir hom moeilik? Verwys in jou antwoord na TWEE redes. (2)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

8.2.5 Dink jy dit was maklik vir Gavin om verlief te raak op die ander vrou? Noem TWEE redes vir jou antwoord. (2)

8.2.6 Kies die beeldspraak of stylfiguur in KOLOM B wat by die woorde/sinne in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.2.6 (a) tot 8.2.6 (d)) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	Geluk in ongeluk.	A	Kontras
(b)	Hy het haar “sy sleuteltjie van geluk” genoem.	B	Eufemisme
(c)	Die lug ruik soos aarbeie.	C	Metafoor
(d)	Haar oë is vriendelik.	D	Personifikasie
		E	Vergelyking

(4 x 1) (4)

8.2.7 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Gavin stap in die kamer met ’n glas lemoensap en ’n brief in ’n bruin koevert.
- Gavin neem Karla op ’n wittebrood.
- Gavin laat toe dat die ander vrou hom vashou en troos.
- Gavin kry hoendervleis toe Karla vir hom glimlag. (4)

[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die gedigte.

VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **"DIE HEKS VAN HEXRIVIER" – Philip Nel**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die heks van Hexrivier – Philip Nel

1 Toe die Hexrivier se heide teen die berghange blom
2 het 'n Hugenote-meisie van Drakenstein gekom.
3 Die lig in haar oë het die jonkmans betower
4 maar net een kon dit regkry om haar hart te verower.

5 Elize, o Elize, met die lieflike oë
6 jou hart sou jy gee vir die rooi orgidee.
7 Elize, o Elize, jy't jou liefde belowe
8 aan hom wat die blom van die berghang sou bring.

9 Toe hy opklim teen die kranse na die rooi orgidee
10 het sy lankal besluit om haar liefde te gee
11 maar sy voet het gegly en onder op rotse
12 met 'n disa in sy hand is sy liggaam gekry.

13 As newels in die maanlig om die rotswande vou
14 staan daar bo die afgrond 'n eensame vrou
15 en saam met winde wat huil deur die klowe
16 roep sy na hom want haar hart was belowe.

17 Elize, o Elize, met die lieflike oë
18 jou hart wou jy gee vir die rooi orgidee.

(Uit: vonk@verse 2.Best Books, 2011)

9.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die gedig** in te vul.

Baie jonkmans is deur Elize se lieflike oë (a) ... Elize was 'n pragtige Hugenote-meisie van (b) ... In die Hexriviervallei het die (c) ... teen die berghange geblom. Uit al die jonkmans was daar net een wat dit reggekry het om haar (d) ... te verower. (4)

9.1.2 Lees strofe 2 en strofe 5.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

(a) Die spreker herhaal die frase "Elize, o Elize met die lieflike oë" om te beklemtoon dat (Elize haar naam is. / haar pragtige oë die jonkmans betower het). (1)

(b) Die frase ("sou gee"/ "wou gee") beklemtoon dat Elize nooit die geleentheid sal kry om haar hart vir die jongman te gee nie. (1)

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

9.1.3 Daar is alliterasie in reël 1. Skryf hierdie reël neer en dui die alliterasie aan. (1)

9.1.4 (a) Noem TWEE karaktereienskappe van Elize wat negatief was. (2)

(b) Wat was die gevolg van haar negatiewe karaktereienskappe? (1)

9.1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi.
Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.5) neer.

As gevolg van al die beskrywing, verhalende elemente, musikale elemente, tragiese tema, ens. Is hierdie gedig ’n ...

A romantiese ballade
B volksballade
C Franse ballade
D epies-liriese volksballade (1)

9.1.6 Lees weer strofe 4.

(a) Wat is die beeldspraak wat in reël 15 voorkom? (1)

(b Watter atmosfeer word deur hierdie strofe uitgebeeld? (1)

9.1.7 Lees reël 3 en reël 14.

Hoekom kan ons sê dat daar ’n kontras tussen hierdie twee reëls voorkom? Jy moet in jou antwoord na reël 3 en reël 14 verwys. (2)

9.1.8 Verduidelik wat gebeur wanneer die newels om die rotswande vou? (2)

9.1.9 Geen EEN rede waarom die kleur “rooi” so gepas is. (1)

EN

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

9.2 "DIE HARDLOPER" – Ernst van Heerden

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die hardloper – Ernst van Heerden

Met wilde maar met suiwer hart
het hy die woeste wedren fel begin,
en elke myl met rappe voet getart,
hy sou die vlugste lopers nog oorwin.

Sy hart het hoog geklop, sy bloed was heet,
die winde het sy haregolf gelig;
met snelle draf het hy die baan gemeet,
die vreug van spierkrag was op sy gesig.

Hy het geloop met stormdrang in sy bloed,
sy ademstoot 'n hete windgejaag,
die see se branding in sy strenge moed,
toe hoor hy reeds die donker, bitter vraag:

Wie is die ongesiene makker in die loop,
van wie die voet langs syne en die wind
van asem agter hom, van wie die hoop
dat nog 'n bors die dun wit lint mag vind?

Dié vreemde spanmaat het hy nie geken,
nooit hardloop hy weer sonder pyn of vrees;
hy weet al het hy nou die loop gewen,
die ander man sal eendag eerste wees.

(Uit: Weerlose uur. Nasionale Pers, 1942)

9.2.1 Hierdie gedig het 'n baie spesifieke struktuur wat eenvormigheid skep.

(a) Hoeveel strofes is daar? (1)

(b) Hoeveel reëls is daar in elke strofe? (1)

(c) Wat noem ons 'n strofe wat hierdie hoeveelheid reëls het? (1)

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

9.2.2 'n Digter maak gewoonlik van verskillende tegnieke gebruik.

Kies die tegniek in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (9.2.2 (a) tot 9.2.2 (d) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
(a)	"die ander man sal **ee**ndag **ee**rste w**ee**s."	A	alliterasie
(b)	"**toe** hoor hy reeds die donker, bitter vraag:"	B	oksimoron
(c)	Dié **vreemde spanmaat** het hy nie geken,"	C	vergelyking
(d)	"Sy **h**art **h**et **h**oog geklop, sy bloed was **h**eet,"	D	assonansie
		E	wending/keerpunt

(4 x 1) (4)

9.2.3 In watter ruimte speel die gedig af? (1)

9.2.4 Lees reël 1 tot 4.

Hoe, dink jy, voel die hardloper in hierdie reëls? (1)

9.2.5 Watter woord in strofe 1 dui vir ons aan dat dit 'n moeilike wedloop gaan wees? (1)

9.2.6 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

In reël 1 en reël 2 is die woordorde omgekeer.
Hierdie stylfiguur staan bekend as (elisie/inversie). (1)

9.2.7 Lees strofe 5.

Verduidelik die ironie in die woorde "vreemde spanmaat" (reël 17). (2)

9.2.8 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE woord tussen hakies te kies.

Die tweede hardloper laat die hardloper (huiwerig/angstig) voel. (1)

9.2.9 Hoekom kan ons sê dat die hele gedig 'n uitgebreide metafoor is? (1)

9.2.10 Gee TWEE moontlikhede van wat die tweede hardloper simboliseer. (2)
[35]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.